Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

Augustus 2020

Aan: Alle deelnemende werkgewer van die Predikante Pensioenfonds (PPF) en die Amptenare Pensioenfonds (APF)

SAMESMELTING VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS EN DIE AMPTENARE PENSIOENFONDS: DEEL 2

Inleiding

In my vorige skrywe van Junie 2020, het ek aan u die voordele uitgewys van die samesmelting van die Predikante Pensioenfonds en die Amptenare Pensioenfonds.

Ek som dit kortliks op:

- Een fondsstruktuur met twee kategorieë van lidmaatskap
- Goedkoper bestuurskoste
- Groter bedingingsmag
- Effe groter gade-sterftevoordeel vir predikante
- Voortsetting van die groep- en gadeskemas na aftrede vir amptenare
- Oorhoofse goedkoper kostes

Eerstens egter, die volgende belangrike inligting: die inwerkingtreding van die samesmelting gaan nie meer 1 Augustus wees nie maar wel nou op 1 Oktober 2020.
Die uitskuif na 'n later datum was nodig vanweë die geweldige hoeveelheid administrasie wat eers in plek moet kom.

In hierdie skrywe, word die presiese kosteverskille uitgewys (wat laas net oorhoofs aangedui is).

Kosteverskille met die samesmelting: Predikante Pensioenfonds (kategorie 1 van lidmaatskap)

Item	**Koste miv 1 Oktober 2020**
Goedgekeurde sterftevoordeel – 4x salaris (nie-begrotingsitem)	1,4450% (was 1,5810%)
Nie-Goedgekeurde sterftevoordeel- 4x salaris (begrotingsitem)	1,3350% (bly dieselfde)
Ongeskiktheidsenkelbedrag – 3x salaris (begrotingsitem)	0,5420% van salaris (bly dieselfde)
Ongeskiktheidsinkomsteversekering - 75% van salaris (nie-begrotingsitem)	1,0820% (was 1,230%)
Gadeversekering 1.25x salaris (begrotingsitem)	0,2250% van salaris (was 0,180% maar die voordeel is nou effe hoër)
Totaal vir riskiovoordele (Kategorie 1)	**4,63% (was 4,87%)**

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

Kosteverskille met die samesmelting: Amptenare Pensioenfonds (kategorie 2 van lidmaatskap)

Item	**Koste miv 1 Oktober 2020**
Goedgekeurde sterftevoordeel – 3x salaris (nie-begrotingsitem)	1,2690% (was 1,384%)
Nie-Goedgekeurde sterftevoordeel- 2x salaris (begrotingsitem)	0,8260% (was 0,908%)
Ongeskiktheidsenkelbedrag – 1x salaris (begrotingsitem)	0,156% van salaris (bly dieselfde)
Ongeskiktheidsinkomsteversekering - 75% van salaris (nie-begrotingsitem)	*1,082% (was 0,831%)
Gadeversekering 1x salaris (begrotingsitem)	0,972% van salaris (bly dieselfde)
Totaal vir riskiovoordele (Kategorie 2)	**4,31% (was 4,25%)**

* *Hierdie premie styg (die groep is groter en daarom is die risiko groter) maar belangrik, die kwytskeldingspremie-voordeel verhoog sodat die nie-goedgekeurde voordele ook deur die premie gedek word (en nie van die lid se ongeskiktheidsinkomste afgetrek word nie).*

Kosteverskille met die samesmelting: gesamentlike kostes

In die kolomme hierbo, word die verskille in risikopremies van die twee fondse uitgewys. Daar is egter ook administrasie en konsultasiekostes wat nou een fooi is en ook gewysig het. Dit is soos volg:

Predikante Pensioenfonds

1. Vorige fooie: Administrasie plus Konsultasie: 0,1816% + 0,1262% = 0,31%
2. Nuwe fooie: Administrasie plus Konsultasie: 0,2532% + 0,1490% = 0,40%

Amptenare Pensioenfonds

1. Vorige fooie: Administrasie plus Konsultasie: 0,4170% + 0,200% = 0,62%
2. Nuwe fooie: Administrasie plus Konsultasie: 0,2532% + 0,1490% = 0,40%

Nuwe totale koste van die twee fondse (vorige fooi in hakies)

- Predikante Pensioenfonds: 5,03% (5,18%)
- Amptenare Pensioenfonds: 4,71% (4,87%)

Kommentaar

In geheel spaar beide kategorieë lede meer vir aftrede en dit was die uiteindelike strewe van die bestuurskomitees.

Die pad vorentoe

- Werkgewers word versoek om alle bydraes en premies sover as moontlik teen laastens 30 September 2020 te betaal. Ek versoek daardie werkgewers wat soms agterstallig raak om welke rede ook al, om dit asseblief ook so te hanteer.
- Geen bydraekategorie-wysigings moet gedurende September-maand implementeer word nie – al het ons in die verlede gekommunikeer dat dit wel gedoen kan word. Lede wat na 'n hoër bydraekategorie wil skuif en wat gewag het vir September, moet asseblief addisionele vrywillige bydraes lewer. Soos u sal weet, is hierdie funksionaliteit op die web beskikbaar.
- Die *retirementfundweb s*al eers op 25 Oktober 2020 oopmaak en nie op die 15de nie soos elke ander maand.

Laat weet gerus of daar enige vrae is. Ek sal dit verkies indien u in hierdie tyd waar inperking-maatreëls steeds geld, navrae per epos sal rig (eerder as om te skakel). Die oproep-volumes is baie hoog.

Baie groete

(Geteken)
TP SMITH: BESTUURDER